Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

# Regulasie vir die Aanstelling en Heraanstelling van ‘n Uitvoerende Bedryfshoof

| | |
|---|---|
| Verwysingsnommer van hierdie dokument | AP0058 |
| HEMIS-klassifikasie | |
| Doel | Om ’n regulasie vir die aanstelling en heraanstelling van ’n Uitvoerende Bedryfshoof vir die Universiteit Stellenbosch daar te stel |
| Soort dokument | regulasie |
| Toeganklikheid | Algemeen (ekstern en intern) |
| Implementeringsdatum | 1 April 2019 |
| Hersieningsdatum/-frekwensie | Namate aanpassings nodig raak |
| Vorige hersienings | Geen (nuwe regulasie) |
| Eienaar van hierdie regulasie | Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel |
| Institusionele funksionaris (kurator) verantwoordelik vir hierdie regulasie | Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne |
| Datum goedgekeur | 25 Maart 2019<br>18 September 2023 |
| Goedgekeur deur | Raad |
| Sleutelwoorde | regulasie |
| *Die Engelse weergawe van hierdie dokument is die geldende weergawe, en die Afrikaanse weergawe die vertaling daarvan.* | |

## 1. Inleiding

Hierdie regulasie is opgestel ooreenkomstig en onderhewig aan artikel 34 van die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997 ("Wet") en die Statuut van die Universiteit Stellenbosch ("Statuut"). Die regulasie en die prosedures wat in die regulasie vervat is, moet vertolk en toegepas word ooreenkomstig die Wet en die Statuut. Waar van toepassing, moet die bepalings soos vervat in enige ander beleidsdokument in ag geneem en toegepas word.

## 2. Oogmerk

Die oogmerk van hierdie dokument is om riglyne vir die aanstelling en heraanstelling van 'n Uitvoerende Bedryfshoof (UBH) vir die US neer te lê.

## 3. Inisiëring van die aanstellingsproses

Die proses vir die aanstelling van 'n nuwe UBH word deur 'n Raadsbesluit inisieer, ten minste twaalf (12) maande voordat die huidige posbekleër se termyn verstryk.

## 4. Beginsels/Uitgangspunte

Die onderstaande uitgangspunte word gevolg:

4.1 Dat die finale gesag en oorsig oor die aanstelling by die Raad berus.

4.2 Dat gepaste oorlegpleging met en deelname deur alle tersaaklike belanghebbendes toegepas word.

4.3 Dat die Raad die samestelling van die Senior Aanstellingskomitee (SAK) goedkeur, en die werwings- en keuringsproses aan die SAK delegeer.

4.4 Dat die SAK se lidmaatskap toepaslike vlakke van diversiteit in terme van ras, geslag en gestremdheid weerspieël.

4.5 Dat die Registrateurskantoor, as die sekretariaat van die Raad, in samewerking met die Afdeling Menslike Hulpbronne (MHB) as sameroeper van die SAK sal optree.

4.6 Dat die Raadsvoorsitter (of gedelegeerde) as SAK-voorsitter sal optree.

4.7 Dat die finale aanstellingsgesag by die Raad berus.

4.8 Dat Universiteitstrukture wat in die aanstellingsproses geraadpleeg word, slegs oor hulle voorkeur stem, wat as advies aan die Raad dien.

**5. Prosedure**

**5.1 Die Raad keur die samestelling van 'n SAK goed wat uit dertien (13) lede bestaan en soos volg saamgestel is:**

5.1.1 Die Raadsvoorsitter (of gedelegeerde) – as SAK-voorsitter.

5.1.2 'n Ander Raadslid, deur die Raad aangewys.

5.1.3 Die Rektor en Visekanselier.

5.1.4 Een lid van die Rektoraat, op posvlak 2 en deur die Rektoraat aangewys.

5.1.5 'n Eksterne kundige vanuit 'n ander Hoër Onderwysinstelling, op die posvlak van 'n rektor/visekanselier/viserektor/UBH en deur die Raadsvoorsitter aangewys.

5.1.6 Een Dekaan, deur die Uitvoerende Komitee van die Senaat [UK(S)] aangewys.

5.1.7 Een lid van die Oudit- en Risikokomitee van die Raad [ORK(R)], deur die ORK(R) aangewys.

5.1.8 Een lid vanuit die akademiese personeel in die Senaat, deur die UK(S) aangewys.

5.1.9 'n Ander Senaatslid, deur die UK(S) aangewys.

5.1.10 Een lid van die Institusionele Forum (IF), deur die Uitvoerende Komitee van die IF [UK(IF)] aangewys.

5.1.11 Een studenteverteenwoordiger, deur die Studenteraad (SR) aangewys.

5.1.12 Die Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne (MH) – as nie-stemgeregtigde lid.

5.1.13 Die Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel as nie stemgeregtigde lid.

**5.2 Proses om SAK-lede aan te wys**

5.2.1 Alle deelnemende liggame sal versoek word om twee lede te nomineer wat op die SAK mag dien, een lid sal as die primêre SAK-lid dien en die ander lid sal as die plaasvervangende SAK-lid dien in die geval van die primêre lid se afwesigheid.

5.2.2 MH sal die name van die lede wat deur die deelnemende liggame genomineer is aan die voorsitter van die SAK voorlê. Dit is die voorsitter van die SAK se verantwoordelikheid om te verseker dat die SAK voldoende divers is.

5.2.3 MH sal die samestelling van die SAK aan die Registrateur se Verantwoordelikheidsentrum kommunikeer wat op hul beurt sal kommunikeer met die onderskeie deelnemende liggame wie as die primêre en plaasvervangende lede van die SAK aangewys is.

**6. Delegasie van Voorsitterskap**

6.1 Die Voorsitter van die Raad kan die rol as Voorsitter van die SAK aan enige ander SAK-lid delegeer, insluitend stemreg.

**7. Rol van plaasvervangende lede**

7.1 ’n Plaasvervangende lid het dieselfde pligte, bevoegdhede en verantwoordelikhede as die primêre lid.

7.2 ’n Primêre lid is gebonde aan enige stem en/of besluit wat deur die plaasvervangende lid in hul afwesigheid geneem word.

7.3 Deelnemende liggame moet verseker dat beide die primêre lid en die plaasvervangende lede se aanstellingstermyn op die liggaam wat hulle verteenwoordig, geldig is vir die duur van die SAK-proses.

**8. Konflik van belange**

8.1 Alle lede van die SAK moet enige werklike of potensiële konflik van belange in enige aanstellingsproses verklaar, insluitend een wat voortspruit uit enige verhouding met ’n kandidaat.

8.2 Waar ’n plaasvervangende lid aangestel word as gevolg van enige werklike of potensiële konflik van belange van die primêre lid, sal sodanige vervanging vir die hele aanstellingsproses wees.

**9. Rol van die SAK**

**9.1 Algemene beginsels en prosedures**

9.1.1 Die normale vergaderingsprosedures en -reëls geld by alle SAK-vergaderings.

9.1.2 Alle inligting in verband met kandidate wat in die loop van die SAK se werksaamhede aan SAK-lede beskikbaar gestel word, moet vertroulik hanteer word.

9.1.3 Twee derdes van die aangewese SAK-lede moet teenwoordig wees om

’n kworum daar te stel.

9.1.4 Notules van die besluite van elke SAK-vergadering moet volgens die normale werkswyse gehou en goedgekeur word.

9.1.5 Die SAK besluit by ’n vergadering op die prosedures wat gevolg moet word om die voorlopige en finale kortlyste op te stel.

9.1.6 Die SAK moet verseker dat kandidate op die kortlys die geleentheid gebied word om enige inligting onder die SAK se aandag te bring wat die kandidate nodig en belangrik ag om te deel.

**10. Die rol van die voorsitter**

10.1 Verseker dat SAK-vergaderings ordelik verloop en vergaderings-prosedures en -reëls stiptelik nagekom word.

10.2 Verseker dat SAK-lede enige belange verklaar.

10.3 Verseker dat die vrae en gesprekvoering te alle tye billik en regverdig teenoor die kandidate is.

10.4 Sien toe dat enige stemming oor kandidate se insluiting op, of weglating uit, die voorlopige of finale kortlys per geslote stembrief plaasvind en verkry die SAK se instemming dat alle stemmings korrek en sonder enige rede tot ongeldigverklaring verloop het.

**11. Werwing van kandidate**

11.1 Individuele SAK-lede mag geen moontlike kandidate vir die pos van UBH werf of benoem nie. Die Hoofdirekteur: MH sal strategiese werwings-aksies onderneem en koördineer.

11.2 Ten einde ’n voorlopige kortlys voor te berei, sal die Hoofdirekteur: MH moet toesien dat ’n voldoende poel geskikte kandidate aan die SAK voorgelê word.

**12. Verslag vanaf die SAK**

12.1 Alle lede moet saamstem dat die inhoud van die verslag akkuraat is.

12.2 Die verslag moet voldoende inligting bevat oor die inherente vereistes van die pos soos uiteengesit in die advertensie asook oor die prestasie van die kandidate met wie onderhoude gevoer is.

12.3 Die verslag moet ’n assessering deur die SAK-lede insluit oor die

billikheid en regverdigheid van die proses wat gevolg is.

**13. Termyn van aanstelling, toekenning van ’n akademiese rang, en terugvalopsie**

13.1 Die aanstellingstermyn is hoogstens vyf jaar. Wanneer die eerste ofenige daaropvolgende termyn verstryk het, mag die posbekleër vir ’n verdere tydperk van hoogstens vyf jaar heraangestel word (soos voorsien in paragraaf 15. hieronder).

13.2 Waar toepaslik word die normale prosedures van die Aanstellingskomitee van die Senaat gevolg om ’n akademiese rang aan die aangestelde persoon toe te ken.

13.3 Waar toepaslik word ’n terugvalpos in die posbekleër se akademiese departement beskikbaar gestel; met dien verstande dat, in die geval van ’n UBH wat nog nie aftreeouderdom bereik het nie en nie vir ’n verdere termyn beskikbaar is nie, of nie heraangestel word nie –

13.3.1 binne die betrokke fakulteit geakkommodeer sal word;

13.3.2 die koste verbonde aan hierdie pos deur die betrokke fakulteit gedra sal word en nie na die departement afgewentel sal word nie; en

13.3.3 die nodige befondsing oor ’n tydperk van drie jaar in die fakulteit ingefaseer sal word deur middel van tussentydse befondsing vanuit die sentrale begroting.

**14. Stappe in die werwings- en keuringsproses**

14.1 Die SAK stel ’n advertensie saam wat die inherente vereistes van die pos, kwalifikasies en ander kriteria (ook leierskaps- en bestuursvaardighede) waaraan die kandidaat moet voldoen, uiteensit ooreenkomstig die raamwerk van die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997 en die Statuut van die Universiteit. MHB verskaf die konsepadvertensie.

14.2 MHB adverteer die pos in die media en verrig strategiese werwing met die oogmerk om die poel geskikte kandidate uit te brei.

14.3 Na die sluitingsdatum vir aansoeke, stel die SAK ’n voorlopige kortlys ooreenkomstig die Diensbillikheidsbeleid en die bevordering van diversiteit op en voer onderhoude met die oogmerk om ’n finale kortlys van

verkieslik drie (3), maar nie minder as twee (2) geskikte kandidate saam te stel.

14.4 Die SAK moet die werwingsproses of 'n deel daarvan herhaal indien daar na die SAK se mening minder as twee (2) geskikte kandidate is.

14.5 MHB voer die volgende aksies ten opsigte van die kortlyskandidate se kandidatuur uit voordat onderhoudvoering plaasvind en gee terugvoer oor die ondersoek aan die voorsitter van die SAK:

14.5.1 Versoek en verkry skriftelike referentverslae.

14.5.2 Agtergrondinligtingsondersoeke wat die volgende insluit:

14.5.2.1 nagaan van kwalifikasies en waar van toepassing, publikasies - die Voorsitter van die SAK moet met eweknieë in die betrokke vakgebiede skakel om 'n vertroulike oorsig van die publikasies van elke kandidaat op die kortlys te doen;

14.5.2.2 kriminele rekord;

14.5.2.3 validasie van identiteitsdokument;

14.5.2.4 bedrog; en

14.5.2.5 waar van toepassing, 'n geldige bestuurslisensie.

14.6 Die kandidate op die finale kortlys, moet elkeen 'n visiestelling vir die Universiteit se toekoms voorlê, en uiteensit watter rol hulle vir hulleself daarin voorsien.

14.7 Die SAK lê die finale kortlys in alfabetiese volgorde, met opmerkings en motiverings en vergesel van die kandidate se visiestellings en curricula vitae, tegelykertyd aan die Senaat en die IF voor.

14.8 Die kandidate op die finale kortlys moet hulle visie stel voor 'n vergadering van die Universiteit wat uit die lede van die Senaat en die IF bestaan en wat vir hierdie doel gereël is, en waar die voorsitter van die US Raad as voorsitter sal optree. Raadslede en SAK-lede word ook uitgenooi om hierdie vergadering by te woon (as waarnemers).

14.9 Die Senaat dui hulle voorkeur aan die Raad aan ooreenkomstig die Senaatsreëls. Elke stemgeregtigde het een stem om hul voorkeurkandidaat aan te dui of om aan te dui dat hulle nie enige van die kandidate verkies nie. Dit moet geskied by wyse van 'n stembrief wat soos volg saamgestel is:

| Kandidate se name | Dui met ’n “X” aan watter kandidaat u voorkeurkandidaat is. |
|---|---|
| Kandidaat 1 | |
| Kandidaat 2 | |
| Kandidaat 3 | |
| Geen van bogenoemde | |

14.10 Die IF dui hulle voorkeur aan die Raad aan ooreenkomstig die IF se reëls. Elke stemgeregtigde het een stem om hul voorkeurkandidaat aan te dui of om aan te dui of hulle nie enige van die kandidate verkies nie. Dit moet geskied by wyse van ’n stembrief wat soos volg saamgestel is:

| Kandidate se name | Dui met ’n “X” aan watter kandidaat u voorkeurkandidaat is. |
|---|---|
| Kandidaat 1 | |
| Kandidaat 2 | |
| Kandidaat 3 | |
| Geen van bogenoemde | |

14.11 Die onderstaande dokumentasie word vervolgens aan die Raad voorgelê om tot ’n finale besluit te kom:

14.11.1 Die SAK se aanbevelingsrapport.

14.11.2 Die geskikte kandidate op die finale kortlys se name, in alfabetiese volgorde.

14.11.3 Die geskikte kandidate op die finale kortlys se curricula vitae.

14.11.4 Die geskikte kandidate op die finale kortlys se visiestellings.

14.11.5 Die Senaat se aangewese voorkeurkandidaat.

14.11.6 Die IF se aangewese voorkeurkandidaat.

14.12 Die Raad oorweeg die Senaat en die IF se insette.

14.13 Die Raad besluit finaal oor die aanstelling van ’n UBH by wyse van ‘n absolute meerderheidstem (50% + 1) van die Raadslede wat aanwesig en stemgeregtig is; met dien verstande dat, indien die eerste stemming geen kandidaat met ’n absolute meerderheid aanwys nie, die Raad ’n tweede keer moet stem om te kies tussen die kandidate wat

onderskeidelik die meeste en die tweede meeste aantal stemme op hulle kon verenig.

14.14 Die Raad mag, indien die behoefte bestaan, onderhoude met die kandidate voer.

**15. Stappe in die heraanstellingsproses**

15.1 Die Rektor moet die posbekleër twaalf (12) maande voordat die huidige termyn verstryk, nader om te vra of hulle ’n verdere termyn wil dien.

15.2 Indien die huidige posbekleër wel ’n verdere termyn wil dien, moet hulle die onderstaande dokumentasie aan die Rektor voorlê:

15.2.1 ’n Verslag oor die posbekleër se werksprestasie tydens hul huidige termyn.

15.2.2 Terugvoer van direkte ondergeskiktes en sleutelbelanghebbers.

15.2.3 ’n Visiestelling vir ’n moontlike tweede termyn.

15.2.4 ’n Opgedateerde curriculum vitae met volle besonderhede.

15.3 Die Rektor moet die dokumentasie aan die Voorsitter van die Raad (as voorsitter van die SAK) voorlê.

15.4 Die bogenoemde dokumentasie moet deur die Raadsvoorsitter (of gedelegeerde) aan die Senaat en die IF voorgelê word ten einde hul stem oor die heraanstelling van die posbekleër te informeer.

15.5 Die uitslag van die stemming word aan die Raad voorgelê.

15.6 Indien die posbekleër, met inagneming van die stemming in die Senaat en die IF, ’n absolute meerderheid (50% + 1) van stemme verwerf onder die Raadslede wat teenwoordig en stemgeregtig is, word die posbekleër aangestel vir ’n verdere termyn soos deur die Raad bepaal.

15.7 ’n Stembrief wat vir hierdie stemming in die Senaat, die IF en die Raad gebruik word, moet die volgende bevat:

| Posbekleër se naam | Dui aan of u die heraanstelling van die posbekleër vir ’n verdere termyn steun (dui u voorkeur aan met ’n “X” in die toepaslike blokkie). | |
|---|---|---|
| | JA | NEE |

## 16. Stawende dokumente

| Itemnommer | Dokumentnaam | **Status** *(bv. uitgewys, in die proses of goedgekeur)* |
|---|---|---|
| | Statuut | |
| | Raamwerk vir die Aanstelling en Heraanstelling van Senior PASD-personeel (Posvlak 1 tot 4) | |